

*DIE CHRISTELIKE EN NASIONALE  
PRIMÈRE  
MEISIESKOOLO ORANJE*



Skoolhoof: Mev. A.T. Albertyn  
kantoor@oranjeprimer.co.za  
☎ (051) 447 6845

Tesourier:  
finans@oranjeprimer.co.za  
Sportorganiseerder:  
sportadmin@oranjeprimer.co.za  
Bemarker, Sport- en Kultuuradministrateur:  
sport@oranjeprimer.co.za

Aliwalstraat 99  
Bloemfontein  
9301  
FAKS (051) 447 0070

**Elizabeth le Rouxhuis**  
**Koshuisbeleid en -reëls**

**A. KOSHUISBELEID**

**A1. Inleiding**

Hierdie dokument is die koshuisbeleid van C. en N. Primêre Meisieskool Oranje, soos die Beheerliggaam dit op Januarie 2013 goedgekeur het. Die beleid is opgestel ooreenkomstig die toepaslike bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 ('die Skolewet'); die Norme en Standaarde vir Skoolfinansiering, en toepaslike provinsiale wetgewing.

**A2. Algemeen**

- 2.1 Daar word van inwoners verwag om die koshuisbeleid en -reëls te ken en na te volg. 'n Afskrif daarvan sal op die koshuis se kennisgewingbord vertoon word.
- 2.2 Elke koshuisinwoner is, buiten hierdie koshuisbeleid en -reëls, ook gebonde aan die skool se gedragskode vir leerders.

**A3. Toelating**

- 3.1 Toelating tot die skool impliseer nie outomaties toelating tot die koshuis nie. Daar bestaan geen grondwetlike reg op koshuisinwoning nie.
- 3.2 Uitsluitlik die Beheerliggaam reguleer en beheer toelating tot koshuise.
- 3.3 Aansoek om toelating tot die koshuis moet saam met aansoek om toelating tot die skool geskied, tensy die Beheerliggaam anders besluit.
- 3.4 Die Beheerliggaam behou hom die reg van koshuistoegang voor.

**A4. Losiesgeld**

- 4.1 'n Deposito van R500,00 is betaalbaar sodra die Beheerliggaam die leerder se aansoek om toelating tot die koshuis goedkeur en bevestig.
- 4.2 Die deposito is nie terugbetaalbaar nie en sal aangewend word as gedeeltelike betaling van die eerste kwartaal se losiesgeld.
- 4.3 Elke koshuisouer is verantwoordelik vir die totale bedrag losiesgeld.
- 4.4 Losiesgeld is kwartaalliks vooruitbetaalbaar.
- 4.5 Leerders mag in die koshuis aanbly slegs indien hulle koshuisgeld betaal is.
- 4.6 Koshuisinwoners moet 'n kwartaal kennis gee indien hulle die koshuis aan die einde van die skooljaar gaan verlaat.

## **B. KOSHUISREËLS**

### **B1. Gedragskode en dissipline**

- 1.1 Die koshuishoof, haar personeel en koshuisleiers is verantwoordelik vir die handhawing van dissipline in die koshuis.
- 1.2 Geen vorm van ontgroening word toegelaat nie. Die bekendstelling van die graad 8-leerders aan die tradisies, gebruike en reëls van die koshuis word egter as belangrik geag vir hul effektiewe inskakeling by die koshuislewe. Gevolglik sal die graad 8-leerders deelneem aan 'n sinvolle oriënteringsprogram onder leiding van die VRL en graad 8-voogde asook onder die streng toesig van die gevolmagtigdes.
- 1.3 Geen bakleiery of fisiese hantering van inwoners word toegelaat nie.
- 1.4 Inwoners mag nie op die skoolterrein of enige ander plek waar hulle as leerders van die skool/inwoners van die koshuis uitgeken kan word, rook, enige alkoholiese drank gebruik, of enigsins in besit wees van tabak, alkoholiese drank en verwante middels soos dwelms nie.
- 1.5 Haarstyle moet aan die skool se gedragskode voldoen.
- 1.6 Enige seksuele of onbehoorlike fisiese kontak tussen inwoners op die skool- of koshuis-terrein is streng verbode.

### **1.7 Kleredrag**

- 1.7.1 By aankoms na die naweek, op Sondag, moet koshuisleerders in netjiese drag geklee wees.
- 1.7.2 Skooldrag: Koshuisleerders sal toesien dat hulle vir skool en alle skool- en sportaktiwiteite in die korrekte drag geklee wees, soos voorgeskryf in die skool se gedragskode.
- 1.7.3 Na middagete moet skooldrag uitgetrek word en ontspannings-of sportdrag aangetrek word.
- 1.7.4 Elke inwoner se klere moet duidelik gemerk wees.
- 1.8 Geen inwoner mag deur enige koshuisvenster of op enige koshuisdak klim of die koshuis op enige ander manier binnegaan as deur die aangewese deure nie.
- 1.9 Geen inwoner mag 'n koshuiskamer buiten sy/haar eie binnegaan nie, tensy met die nodige toestemming, of vergesel van die betrokke kamerbewoner.
- 1.10 Inwoners sal alle persone, wat koshuispersoneel, mede-inwoners en besoekers insluit, te alle tye met respek en waardigheid behandel.
- 1.11 Alle reëls in die skool se gedragskode sal geag word hierby inbegrepe te wees.

### **B2. Besoekers**

- 2.1 **Alle besoekers moet by die personeellid aan diens aanmeld.** Die betrokke inwoner sal geroep word om die besoeker by die **voorgeskrewe besoekersarea** te ontvang.
- 2.2 Besoekers is onderworpe aan die koshuisreëls, en moet dit respekteer.
- 2.3 Inwoners sal aanspreeklik gehou word vir die optrede van hulle besoekers.
- 2.4 Besoekers mag nie enige koshuiskamer sonder die toestemming van die personeellid aan diens binnegaan nie.
- 2.5 Geen ouer mag sonder toestemming Maaandagmiddae tot Vrydagoggende die koshuis binnegaan nie. Die dogter moet by die toonbank afgeroep word.
- 2.6 Mans word slegs op die eerste dag van die kwartaal en Vrydagmiddae **saam met die leerder** in die koshuis toegelaat om behulpsaam te wees met bagasie.

### **B3. Siekte**

- 3.1 Wanneer 'n inwoner in skooltyd siek word, moet skriftelike toestemming van die skoolhoof of koshuishoof verkry word om die matrone te besoek.
- 3.2 **Geen siek inwoner mag sonder die nodige toestemming van die koshuismoeder/toesigkrag in die kamer bly/gaan lê nie.**

- 3.3 Ouers kan met die koshuishoof skakel wat die siekte en behandeling van hulle kinders betref. **GEEN ouer mag toestemming aan 'n leerder gee om by die koshuis te mag bly nie.**
- 3.4 Indien 'n kind by die huis siek word en sy nie die Maandag skool toe kan gaan nie, is dit verkieslik om haar by die huis te hou en gesond te dokter voordat sy koshuis toe gestuur word.
- 3.5 Leerders wat te siek is om skool toe te gaan, is ook te siek om die middag of aand iewers heen te gaan en bly die hele dag in die kamer.
- 3.6 Medisyne mag alleenlik deur die matrone of opvoeder aan diens aan die siek leerder verskaf word, al is dit deur 'n geneesheer voorgeskryf – dit word in die medisyne-lêer aangeteken.
- 3.7 Ouers van koshuisleerders wat gedurende die week siek word, sal telefonies in kennis gestel word hiervan. Indien nodig gaan so 'n leerder huis toe. Ouers mag nie hul siek kind sonder die medewete van die huismoeder uit die koshuis neem nie.

### **3.8 Ander afwesighede**

- 3.8.1 Die huismoeder moet te alle tye **deur die ouers in kennis gestel** word indien 'n leerder vir 'n bepaalde of onbepaalde tydperk **uit die koshuis afwesig gaan wees**, bv. weens siekte of operasie of dringende privaatsake, sport, ens.

## **B4. Uitteken**

### **4.1 Algemeen**

- 4.1.1 Aangesien die koshuisleerders deur hul ouer in die sorg van die koshuis geplaas is en van die koshuis verwag om rekenskap te kan gee van die doen en late van koshuisleerders, moet die koshuis te alle tye weet waar 'n leerder is en waarmee sy haar besig hou.
- 4.1.2 Geen koshuisleerder mag gevolglik die koshuisterrein verlaat sonder die nodige toestemming in gevolge hierdie gedragsreëls nie en sonder om die toepaslike uittekenregister behoorlik te voltooi nie.
- 4.1.3 Afwesigheid vanaf die koshuisterrein sonder die nodige toestemming of sonder om die voorgeskrewe uittekenregister te voltooi, word in 'n baie ernstige lig beskou.
- 4.1.4 Die enigste tyd wanneer 'n inwoner die skool- of koshuisterrein sonder toestemming mag verlaat, is gedurende algemene verlof om op 'n Vrydag of Saterdag winkels toe te gaan. Inwoners mag soos gereël die dorp/winkels besoek. Besoek aan die dorp/winkels gedurende die week geskied na die goeddunke van die koshuishoof. **Gedurende algemene verlof om winkels toe te gaan, moet inwoners skooldrag dra (slegs van toepassing op graad 8- en 12-leerlinge).**

### **4.2 Gedurende die week – tydens skoolure**

- 4.2.1 Ouers moet die nodige toestemming van die skool verkry in gevolge die gedragskodevoorskrifte van die skool en die huismoeder in kennis stel van afwesigheid.
- 4.2.2 Wanneer die leerder afgelaai en weer teruggebring word, moet die leerder soos vir naweke, deur die ouer of die ouer se gevolmagtigde, self uit- en weer ingeteken word.
- 4.2.3 Mediese afspraak moet sover moontlik vir die middag gereël word.
- 4.2.4 **Die uittekenbeleid is bedoel om die inwoners en die skool en koshuis te beskerm.**

### **4.3 Naweke**

- 4.3.1 Uitnaweke: Gedurende 'n uitnaweke moet alle inwoners die koshuis verlaat en is dit nie nodig om die koshuishoof in kennis te stel nie. Indien die inwoner egter nie na haar ouerhuis gaan nie, moet die ouer die koshuishoof skriftelik in kennis stel van waar die inwoner die naweke sal bly.
- 4.3.2 Laerskooldogters gaan elke naweke huis toe.

- 4.3.3 Uitteken: Elke koshuis het 'n uittekenboek. Indien 'n inwoner vir 'n naweek huis toe gaan of die koshuis om enige ander nie-skoolverwante rede verlaat, moet sy in die teenwoordigheid van die personeellid aan diens uitgeteken word, hetsy deur haar ouers of 'n persoon wat oor 'n toestemmingsbrief van die ouer beskik.
- 4.3.4 Inteken: Inwoners, saam met hul ouer(s) of die persoon wat gedurende die naweek of vakansie vir die inwoners verantwoordelik was, meld met die inwoners se terugkeer na die koshuis by die personeellid aan diens aan.
- 4.3.5 Leerders wat uit die koshuis afwesig is, maar nie uitgeteken is nie, se ouers sal daardie aand telefonies gekontak word.
- 4.3.6 Nadat 'n leerder na 'n naweek teruggeteken is, mag sy nie weer die koshuisterrein verlaat sonder die toestemming van die opvoeder aan diens nie.
- 4.3.7 Wanneer 'n koshuisleerder eers later as Vrydagmiddag huis toe gaan, m.a.w. gedurende die naweek, moet sy vooraf met die opvoeder aan diens reël. Sodanige leerder moet steeds op die voorgeskrewe wyse uit- en teruggeteken word.
- 4.3.8 Koshuisleerders wat gedurende die naweek in die koshuis bly en die terrein te enige tyd wil verlaat, uitsluitend skoolaktiwiteite, se ouers moet toestemming verleen en die koshuismoeder vooraf skriftelik inlig deur 'n faks te stuur om toestemming te verleen.
- 4.3.9 Vir verlof vir buite skoolaktiwiteite, moet ouers vooraf skriftelik by die huismoeder toestemming vra. Volledige inligting oor die persoon/instansie wat dit aanbied, moet verskaf word. Dogters moet deur verantwoordelike afrigter/personeellid/student persoonlik by die koshuiskantoor uit- en teruggeteken word.
- 4.3.10 **Vakansies**  
Dieselfde prosedures wat op uitnaweke van toepassing is, geld vir in- en uitteken gedurende vakansies.

#### **4.4 Verhuring**

- 4.4.1 Koshuisleerders moet hul kamers opruim en hul bagasie netjies op hul beddens neersit sodat kamers so gou as moontlik ontruik kan word as die skool verdaag het vir verhuring.
- 4.4.2 Koshuisleerders wat ver bly, kan reël dat sommige van hul besittings veilig in die koshuis toegesluit word – dit word egter uitsluitlik op die leerder se eie risiko gedoen.

#### **B5. Studietye**

- 5.1 Die volgende reëls geld gedurende studietye:
- Leerders mag nie met mekaar praat nie.
  - Leerders mag nie eet en drink nie.
  - Leerders mag nie rondloop of hulle lessenaars verlaat nie tensy hul hulp by hul toesig-krag benodig.
  - Die meubels mag nie geskuif word nie.
  - Leerders mag slegs met die toestemming van die toesighouer die lokaal verlaat.
  - Geen telefoonoproepe mag gemaak en ontvang word nie.
  - Geen besoekers word tydens studietye toegelaat nie.
- 5.2 Studietye is soos volg:
- Eksamentye:
    - 14:00 – 15:00
    - 16:30 – 17:30
    - 19:00 – 20:00 (Gr. 4-7)
    - 19:00 – 21:00 (Gr. 8)
  - Daaglikse studietye:
    - 19:00 – 20:00 (Gr. 4-7)
    - 19:00 – 21:00 (Gr. 8)
- Laatligte word toegestaan vir leerders wat nog ekstra tyd verlang.
- 5.3 Studielokale moet ná elke studietyd opgeruim word.
- Alle papiere en rommel moet in die vullisblikke gegooi word.

- Vensters moet toe wees.
- Stoele en tafels moet netjies in rye geplaas word.
- Die ligte moet afgesit en die deure gesluit word.
- Koshuisleiers in samewerking met die opvoeder aan diens is verantwoordelik om toe te sien dat die studielokale ná studietyd in bogenoemde toestand gelaat word.

## **B6. Etes**

6.1 Etenstye is soos volg:

### Weeksdae:

- **Ontbyt:** Graad 1&2 06:30  
Hoërskool 06:40  
Graad 3-7 06:45
- **Middagete:** Gr. 1 en 2 12:45  
Gr. 3 13:15  
Res van koshuis 13:30 – 14:00
- **Aandete:** Almal 17:45

### Naweke:

- Ontbyt: 08:00
- Middagete: 11:45
- Aandete: 17:00

- 6.2 Die koshuisleiers en toesigkragte is verantwoordelik vir dissipline in die eetsaal.
- 6.3 Koshuisleiers moet alle etes betyds en netjies gekleed bywoon.
- 6.4 Inwoners moet die eetsaal stil en ordelik binnegaan.
- 6.5 Geen inwoner mag om enige rede van 'n ete ontnem word nie.
- 6.6 Geen inwoner mag gedwing word om enigiets teen haar sin te eet of te drink nie.
- 6.7 Inwoners moet ná elke ete die tafels afdek. Geen kos mag op die vloere afgegee word nie. Die borde en messegoed moet in die bestemde houers gepak word.
- 6.8 Geen kos, borde, messegoed, glase of enige ander kombuisware mag uit die eetsaal verwyder word nie.
- 6.9 Indien 'n inwoner nie 'n ete kan bywoon nie of gaan laat kom vir ete, moet sy die koshuis-hoof vroegtydig inlig.
- 6.10 Laat-etes moet vooraf gereël word.
- 6.11 Geen selfone mag in die eetsaal gebruik word nie.
- 6.12 Tydens aandete word huisgodsdiens gehou.
- 6.13 Leerders wat die naweek inbly moet alle etes waarvoor hulle ingeteken het, bywoon.

## **B7. Telefoon**

- 7.1 Selfone word op eie risiko in die koshuis ingebring.
- 7.2 Geen oproepe mag gedurende etenstye of studietye ontvang of gemaak word nie.
- 7.3 Alle selfone moet met ligte-uit afgeskakel word.
- 7.4 'n Inwoner se selfone mag van haar weggeneem word indien sy nie die reëls gehoorsaam nie. In so 'n geval sal die inwoner 'n skriftelike skulderkenning onderteken waarin die inwoner erken dat sy kennis dra van die bepalings van die koshuisreëls en die strafsanksie dat haar foon afgeneem mag word.

## **B8. Breekskade**

- 8.1 Breekskade moet onmiddellik by die betrokke personeel of koshuisleier aangemeld word.
- 8.2 Opsetlike skade aan koshuis- of skoolieendom sal tot dissiplinêre stappe lei.

## **B9. Koshuisleiers**

- 9.1 Elke koshuis moet sy eie koshuisleiers kies. Vir hierdie doeleinde moet die graad 6-inwoners jaarliks aan 'n demokratiese verkiesing deelneem.

9.2 Koshuisleiers is verantwoordelik vir algemene koshuisdissipline, en moet die koshuishoof en ander personeel met die handhawing van dissipline bystaan.

### **B10. Ligte-uit en opstaantyd**

10.1 Ligte-uit is om 21:00 vir die laerskool en 22:00 vir die hoërskool, en sal deur 'n klok aangedui word. Geen inwoner mag binne 30 minute ná ligte-uit sy/haar bed verlaat nie.

10.2 Stilte moet ná die lui van die ligte-uit-klok gehandhaaf word. Alle radio's en selfone moet afgesit word.

10.3 Opstaantyd is om 06:05, wat ook deur 'n klok aangedui sal word, wanneer inwoners onmiddellik moet opstaan.

10.4 Inwoners mag slegs met die toestemming van die koshuishoof of personeellid aan diens voor die lui van die oggendklok opstaan.

10.5 Inwoners kan by die toesigkrag aan diens toestemming vra vir ekstra studietyd soggens en/of saans. Die toesigkrag kan toestemming weier indien hy/sy reken dat die betrokke inwoner nie die gewone studietyd ten volle benut het nie.

### **B11. Elektriese toestelle**

11.1 Die gebruik van elektriese toestelle soos ketels, verwarmers, los elemente en yskaste word nie toegelaat nie. Dit lei tot oorbelading van die sisteem.

11.2 Geen elektriese verlengkoorde mag uit die gang na 'n kamer aangelê word, of van een kamer na 'n ander nie. Beslag sal op daarop gelê word.

11.3 Alle rekenaars en selfone word op eie risiko na die koshuis gebring.

11.4 Elektrisiteit moet te alle tye spaarsamig gebruik word – skakel kamerligte en elektriese toestelle wat nie gebruik word nie, af.

### **B12. Badkamers**

12.1 Badkamers moet ten alle tye netjies en in higiëniese toestand gehou en gelaat word.

12.2 Die volgende moet, onder andere, op gelet word:

- Water moet spaarsamig gebruik word, veral warmwater, mag nie mee gespeel of gemors word nie.
- Wees so higiënies moontlik.
- Geen voorwerp wat die rioolstelsel kan verstop, mag in die toilette of ander water-afvoerpype afgespoel word nie.
- Moenie in die badkamers speel of onnodig saamdrom nie.
- Enige vorm van graffiti is streng verbode

### **B13. Kamers**

13.1 Geen muurbehangsels/prente mag teen die mure vasgesit word nie.

13.2 Geen klere mag by die vensters uitgehang word nie.

13.3 Kamers moet te alle tye netjies wees en geen graffiti word toegelaat op enige oppervlak nie.

13.4 Leerders moet self kamers uitvee en alle vullis in die vullisdrommetjie gooi.

13.5 Geen kamerruiling sonder die toestemming van die koshuismoeder word toegelaat nie.

13.6 Inwoners moet sorg dat hulle koshuiskamers altyd netjies en skoon gehou word.

13.7 Geen item mag by 'n kamervenster uitgegooi of van 'n balkon afgeworpe word nie.

13.8 Elke leerder moet 'n matrasoortreksel hê (verplichtend).

### **B14. Inspeksie**

14.1 Inspeksie van kamers en badkamers is daagliks in die oggend om 6.30.

14.2 Die superintendent sal in oorlegpleging met die koshuishoof, bepaal watter toesighoudende leerkragte/koshuisleiers/verantwoordelike persone die inspeksies sal uitvoer.

14.3 Alle leerders van 'n koshuisgang en bogenoemde persone moet daagliks toesien dat die volgende minimum standarde stiptelik nagekom is voordat hulle die koshuis soggens verlaat:

- Kaste is netjies, oop vir inspeksie en daarna gesluit.
- Vuil wasgoed netjies weggesit in 'n toepaslike houer.
- Waardevolle artikels/selfone is toegesluit.
- Alle klere is opgetel vanaf beddens en vloere.
- Beddens is opgemaak
- Kamers is uitgevee.
- Ligte is afgeskakel.
- Krane is toegedraai
- Geen persoonlike artikels of vullis is by kamervensters uitgegooi nie.
- Warm haarborsels of enige item wat 'n potensiële brandgevaar inhou is afgeskakel.

## **B15. Algemeen**

- 15.1 Alle vorme van pornografie is streng verbode.
- 15.2 Inwoners mag nie in die gange hardloop, skree, fluit of onnodige geraas maak nie. Radio's is toelaatbaar slegs indien dit sag gespeel word.
- 15.3 Indien 'n inwoner om welke rede ook al nie betyds vir 'n bepaalde aktiwiteit sal opdaag nie, moet die koshuishoof vroegtydig ingelig word.
- 15.4 Leerders moet mekaar en ander se privaatheid en eiendom respekteer. Geen koshuisleerder mag die eiendom van die koshuis of enige ander party steel of wederegterlik toeëien nie of sonder toestemming of op 'n onbehoorlike wyse gebruik of laat gebruik nie of op 'n opsetlike of nalatige wyse beskadig nie.
- 15.5 'n Koshuisleerder mag nie in 'n ander se kamer wees, of in haar kas of besittings krap, of haar eiendom neem of in haar besit hê, sonder die toestemming van die ander leerder nie. Koshuisleerders moet op eie koste slotte vir hulle kaste voorsien. Kombinasieslotte is nie veilig nie en moet nie gebruik word nie.
- 15.6 Alle waardevolle artikels en geld moet te alle tye in veilige bewaring wees. Geen klag kan gelê word nie indien daar nie tekens van 'n inbraak was nie.
- 15.7 Inwoners moet hulle van enige optrede weerhou wat die skool en/of koshuis se beeld sal skaad. Enige optrede wat die administrasie, dissipline of doeltreffendheid van die koshuis onbillik benadeel, sal as 'n oortreding van hierdie gedragskode beskou word.
- 15.8 Skuldigbevinding deur 'n hof aan 'n strafregtelike oortreding sal as 'n oortreding van hierdie gedragskode beskou word.
- 15.9 Oortredings wat tot skorsing en/of uitsetting kan lei, sluit in, maar is nie beperk nie tot:
- optrede wat ander se veiligheid bedreig en ander se regte skend;
  - die dreiging met, of besit of gebruik van gevaarlike wapens;
  - die besit, gebruik, verhandeling of sigbare bewys van narkotiese of ongemagtigde dwelms, alkohol en bedwelmende middels van enige aard;
  - bakleiery, aanranding of mishandeling;
  - onsedelike gedrag of 'n gevloek;
  - die aanneem of voorhou van 'n vals identiteit;
  - enige vorm van haatspraak, seksisme, rassisme of ander antisosiale gedrag;
  - diefstal of die besit van gesteelde goedere;
  - onregmatige optrede teenoor en/of vandalisme, vernietiging of beskadiging van skool-eiendom, wat die aanbring van graffiti sou insluit;
  - oneerbiedigheid, aanstootlike gedrag en verbale mishandeling gerig teen opvoeders of ander skool- en koshuispersoneel of leerders en ander inwoners;
  - herhaalde oortredings van skoolreëls of hierdie gedragskode;
  - strafregtelike en onderdrukkende gedrag, soos verkragting en geslagsgebaseerde teistering;
  - viktimisasie, afknouery en intimidasie van ander inwoners; en
  - opsetlike en bewuste verstrekking van vals inligting, of die vervalsing van dokumente ten einde onbehoorlike voordeel te bekom.
- 15.10 Hierdie beleid kan van tyd tot tyd deur die Beheerliggaam gewysig, aangevul, verander of aangepas word.

## **C. KOSHUIS: DISSIPLINÊRE BELEID**

### **C.1. Dissiplinêre optrede**

#### 1.1 Minder ernstige oortredings

##### 1.1.1 Wangedrag: Kategorie B:

- Enige oortreding van B1.5, 1.7, 1.8, 1.10, 3.1, 3.2, 5.1, 5.3, 6.2 – 6.11, 8.1; 15.2 en/of 15.3 van die koshuisreëls.
- In geval van die oortreding van enige van bogenoemde bepalings, moet sodanige oortreding na 'n personeellid van die koshuis verwys word, wat by magte is om die volgende strafmaatreëls toe te pas:
  - a) 'n Mondelinge of skriftelike waarskuwing.
  - b) Skoolwerk onder toesig, wat tot die inwoner se vordering by die skool sal bydra én die skoolomgewing sal verbeter, met dien verstande dat die ouers betyds ingelig en die veiligheid van die kind verseker word.
  - c) Die uitvoer van pligte deur die oortreder ten gunste van die persoon/instansie wat deur die oortreding benadeel is.
  - d) Opskorting van deelname aan skool- en/of koshuisaktiwiteite, soos sport en kultuur (wat sosiale geleenthede uitsluit).

##### 1.1.2 Wangedrag: Kategorie B

- Enige oortreding van B 1.3, 1.9, 4.2 – 4.6, 7, 9 en/of 11 van die koshuisreëls.
- In geval van die oortreding van enige van bogenoemde bepalings, moet sodanige oortreding na die koshuishoof verwys word, wat by magte is om die volgende strafmaatreëls toe te pas:

Enige van die strafmaatreëls in 1.1.1(a) tot (d) hierbo, waartoe die volgende bygevoeg kan word:

  - a) Uitsluiting van deelname aan sosiale geleenthede van die skool en of koshuis.
  - b) Ooreengekome, bekostigbare vergoeding.
  - c) Die herstel of vervanging van beskadigde eiendom.
  - d) Gemeenskapsdiens vir tot ses uur.

#### 1.2 Ernstige oortredings

##### 1.2.1 Wangedrag: Kategorie C

- Enige oortreding van 1.2, 1.4, 1.6, 15.4 en/of 15.4.
- In geval van die oortreding van enige van bogenoemde bepalings, moet sodanige oortreding na die Beheerliggaam se koshuiskomitee verwys word, wat by magte is om die volgende strafmaatreëls toe te pas:
  - Enige van die strafmaatreëls in 1.1.1(a) tot (d) en 1.1.2(b) tot (d) hier bo, waartoe die volgende bygevoeg kan word:
    - a) In geval van die oortreding van die gedragskode deur koshuisleiers:

Saam met of as alternatief vir bogenoemde, skorsing van pligte vir 'n tydperk van tot ses weke, of afdanking en permanente verwydering uit die leiersamp in die koshuis.
    - b) Na afloop van 'n verhoor waarin enige inwoner skuldig bevind is aan die oortreding van die bepalings van die gedragskode, kan die Beheerliggaam sodanige inwoner enige van voormelde strawwe oplê, of die inwoner skors, of aanbeveel dat die inwoner uit die koshuis uitgesit word.

##### 1.2.2 Indien daar op slegs skorsing as 'n straf besluit word, kan die Beheerliggaam die tydperk van skorsing bepaal.



# **STUUR ASB. TERUG VOOR OF OP 31 Januarie 2018:**

Ek, (Mnr., Mev., Me., Prof., Dr., Ds.) \_\_\_\_\_ ouer van:

Naam van leerling/e:

\_\_\_\_\_ Graad \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_ Graad \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_ Graad \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_ Graad \_\_\_\_\_

neem kennis van dit wat in die gedragskode staan.

Geteken te \_\_\_\_\_ op hierdie \_\_\_\_\_ dag van \_\_\_\_\_ 2018.